NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 29 AUGUSTUS 2021

VEERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Mense wat gebuk gaan onder geslagsgeweld
Bybelverspreiding

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Hooglied 2:8-13; Psalm 45:1-2, 6-9
Jakobus 1:17-27; Markus 7:1-8, 14-15, 21-23

	SONDAG, 29 AUGUSTUS
	DANKBAARHEIDSONDAG BYBELSONDAG
09:30	Oggenddiens in die Kerk - Ds Chris Barnardo
09:30	Kinderkerk – Gr 4-6 Deuroffer ten bate van Gideons Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
	Geen Aanddiens
18:00	Senior Kategese
	MAANDAG, 30 AUGUSTUS
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 31 AUGUSTUS
09:30	Senior Burger Bybelstudie
	WOENSDAG, 1 SEPTEMBER
09:30	Vroue Bybelstudie
19:00	Kerkraadsvergadering in die konsistorie

DONDERDAG, 2 SEPTEMBER	
09:30	Dienssentrum vir Seniors: Keramiek klas Kerksaal
15:00	Openbaring Bybelstudie
	Sopbeurte: Anita le Roux, Marietjie Mostert, Alae Rootman, Riana van Niekerk, Lizelle Wessels, Mariana van Schalkwyk
VRYDAG, 3 SEPTEMBER	
SATERDAG, 4 SEPTEMBER	
SONDAG, 5 SEPTEMBER	
	VYFTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
	NASIONALE BIDDAG VIR DOWES
09:30	Oggenddiens in Kerk
	Doop
09:30	Kinderkerk Gr 1-3
	Deuroffer ten bate van Instituut vir Dowes
	Erediensspan 2 – Lorraine Louw
	Geen Aanddiens
18:00	Senior Kategese

GEMEENTENUUS

1. Christina Olivier (Othello) is in die hospitaal.
2. Flip Hugo (Waterbessiestraat) is steeds in die hospitaal.
3. Louise Visser (Klaradyn) ervaar steeds ongemak na die voetoperasie.
4. Ons bid vir gesinne in De Eike wat tans in isolasie is agv die virus waarmee hulle gediagnoseer is.
5. Ds Hannes Burger is vanaf Dinsdag weer aan diens

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



29/08 Tia Welman, Stiaan van Zyl, Petro Combrinck, Vasti Muller, Elsabé Oosthuizen
30/08 Ziaan van Zyl, Heinrich van As, Werner De Koker
31/08 Tanya Herholdt, Elmaré Burger, Roanda Jacobs, Annette du Toit
01/09 Rohan le Roux, Leoni en Rachel Lambert, Erna de Wit, Peru Viljoen
03/09 Maureen Robertson, Pieter Westraat
04/09 Maranda van der Merwe, Janette van Rensburg, Joshua Marais

KERKRAADSVERGADERING

Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 1 September 2021 om 19:00.

UIT DIE BEEK 2022

Almal wat ***Uit die Beek*** bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal.
Die koste is R180.00 per boek.



NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.



Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: ***Bikkies kos (Vleis, Vis en Groente)***
Toiletware
Melk



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

PROTEAHOOGTE GEMEENTE

WINTERMARK
30 Augustus - 4 September 2021

STALLETJIES | ARTS AND CRAFTS | LEKKER ETES

Maandag tot Vrydag	Saterdag
10:00 tot 19:00	09:30 tot 15:00

75 Heuwelstraat, Proteahoogte, Brackenfell

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
Kerkkantoor: 021 982 1041 | kkantoor@proteahoogte.co.za

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

DIE GIDEON BEDIENING

Die Gideons Internasionaal is ‘n vereniging vir Christen sake- en professionele manne, met net een visie (droom) – OM SIELE VIR JESUS TE WEN. Ons doen dit deur persoonlike werk (getuienis) asook die verspreiding van God se woord.

Die Gideons vereniging het reeds in 1899 in die VSA ontstaan en funksioneer tans in 201 lande wêreldwyd en in Suid-Afrika sedert 1950. Die lande sluit onder andere Rusland, Mexico en ook Groenland in. Die Gideon Bybels word in meer as 100 tale gedruk en versprei. China is een van die lande wat nog amptelik vir die Gideons geslote is, maar daar is reeds heelwat mense wat by die organisasie aangesluit het en hulle versprei reeds meer as ‘n halfmiljoen Bybels in een jaar.

Met die finansiële ondersteuning van kerke en individuele Gideon vriende en natuurlik met die genade van die Here is die Gideons in staat gestel om sedert sy ontstaan meer as 2 MILJARD Bybels in 100 tale in 201 lande te versprei!!

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir wat Hy reeds deur die Gideon bediening gedoen het en nog steeds elke dag doen. Daar is vele getuienisse wat deur die werking van die Heilige Gees en met ‘n Gideon Bybel tot bekering gekom het. Sou jy dalk deur die Heilige Gees gelei word om op een of ander wyse by die bediening betrokke te raak kontak asb een van die drie Gideons in ons gemeente:

Jacques Odendal – 082 808 3459
Eric Brand – 082 465 8620
Johan Joubert – 082 923 6181

Meer inligting oor die Gideon bediening asook getuienisse is beskikbaar op ons webwerf www.gideons.org

PREEKSKETS

TEMA - WAT BETEKEN DIT OM WERKLIK VRY TE WEES?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Galasiërs 5: 1-15

1. **Inleiding.** Meeste van ons hou daarvan om in beheer van ons lewens te wees. Ons wil nie ingeperk word nie. Ons wil vry wees om te kom en te gaan. Totdat Covid – 19 al ons planne deurmekaar kom krap het. Skielik word ons vryheid ingeperk en ek beleef daardie "buite beheer" gevoel. Maar iewers langs die pad moet ons besef dat ware vryheid, vryheid in Christus is. Dan eers is ons werklik vry sonder inperkinge alhoewel dit dissipline en toewyding vra. Hierdie vryheid in Christus beteken dat ek....

2. **Niks het om weg te steek nie.** Dit is verskriklik om heeltyd oor jou skouer te kyk. Sonde en skuldgevoel maak van ons slawe. Paulus skryf in vers 17: [17]Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Deels van Paulus se vryheid was dat hy niks gehad het om weg te steek nie.

3. **Niks het om te verloor nie.** Paulus se welstand was nie aan materiële dinge gekoppel nie. Selfs as geboeide in die tronk was Paulus vryer as die wagte wat hom opgepas het. Ons kry slapelose nagte oor die stand van ons welvaart en ons bly besorg oormôre.. Tog moet ons besef dat niks op aarde permanent nie. Dit is lankal tyd om minder besorg te wees en voluit te begin lewe.

4. **Niks het om voor bang te wees nie.** Paulus was oor niks bevrees nie. Hy het verskriklike moeilike tye beleef. Nogtans was hy nie bang nie. In Fil. 1:21 skryf Paulus: [21]want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. Wat doen mens met so mens? Hy het selfs vir die dood nie gevrees nie.

5. **Slot.** Juis daarom sal ons nie ons vryheid waartoe ons geroep is misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie. Ons ervaar ons vryheid op 'n ander manier. Ons het niks om weg te steek nie. Wat ons sê, dit leef ons. Ons het niks om te verloor nie. Alles wat ons het en is, word aan die Here toegewy. Ons het niks om te vrees nie. Om te lewe is Christus, om te sterwe wins.